kruiskerk.co.za
info@kruiskerk.co.za
wynandnel@iafrica.com

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Woorddiens

Tema: "Hervorm jy jou werklikheid?"

Skriflesing: Openbaring 21:1-6 (1953)

[1] EN ek het 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde gesien, want die eerste hemel en die eerste aarde het verbygegaan; en die see was daar nie meer nie.
[2] En ek, Johannes, het die heilige stad, die nuwe Jerusalem, sien neerdaal van God uit die hemel, toeberei soos 'n bruid wat vir haar man versier is.
[3] En ek het 'n groot stem uit die hemel hoor sê: Kyk, die tabernakel van God is by die mense, en Hy sal by hulle woon, en hulle sal sy volk wees; en God self sal by hulle wees as hulle God.
[4] En God sal al die trane van hulle oë afvee, en daar sal geen dood meer wees nie; ook droefheid en geween en moeite sal daar nie meer wees nie, want die eerste dinge het verbygegaan.
[5] En Hy wat op die troon sit, het gesê: Kyk, Ek maak alles nuut. En Hy het aan my gesê: Skryf, want hierdie woorde is waaragtig en betroubaar.
[6] En Hy het vir my gesê: Dit is verby! Ek is die Alfa en die Oméga, die begin en die einde. Aan die dorstige sal Ek gee uit die fontein van die water van die lewe, verniet.

Broodjies vir die pad

Reformation means making changes to something with the intention of setting it back on the right path. Your life will be easier after the *reformation* of the transportation system, when the buses run more frequently.

The act or process of changing a religious, political, or societal institution for the better is called a *reformation.* When capitalized, the *Reformation* refers specifically to the Protestant Reformation in Europe, which was a religious change instigated in 1517 by Protestants who wished to reform the Catholic Church. The root of *reformation* is the Latin word *reformare*, which means to form again or to change.

http://www.dixinary.com/dictionary/reformation

◆◆◆

Het voordeel van de twijfel

Leonie Breebaart

Scepsis is eindexamenonderwerp van het vak filosofie. Tot dat eindexamen, mei volgend jaar, stellen Nederlandse denkers daarom bij tal van onderwerpen de vraag: Hoe weet je dat eigenlijk? Een serie over het voordeel van de twijfel.

Opinies, beweringen, pleidooien: we horen en lezen er dagelijks een heleboel, en lang niet alleen in de krant. Over handelsmissies bijvoorbeeld, over de aankoop van twee Rembrandts of over ruziënde gelovigen.

Als moderne burgers willen we graag meepraten over kwesties die het nieuws halen. Maar het vervelende is, dat de vragen die we eerst beantwoord zouden willen zien om te kunnen meedenken vaak helemaal niet aan bod komen. Hoe weet je wat kunst is? Moet de economie altijd maar doorgroeien? Is het wel gezond om bezig te zijn met je gezondheid? Hoe weet je dat God bestaat?

Zulke vragen klinken misschien kinderlijk, of zelfs een beetje dom, maar als we er nooit bij stilstaan, verliezen we gemakkelijk onze interesse in het debat. Het lijkt dan alsof 'iedereen maar wat roept' of juist dat 'elke mening respect verdient'.

Deugd
Toch valt er over al die botsende meningen best iets te zeggen: ze kunnen goed of juist slecht onderbouwd zijn. Vaak is er niet lang nagedacht over de 'domme vraag' die zogenaamd vanzelf spreekt en die daarom door niemand meer wordt gesteld. Om die naar boven te halen zouden we vaker kunnen vragen: 'Hoe weet je dat eigenlijk?' Anders gezegd: durven twijfelen.

Twijfelen is een deugd, want het leidt ertoe dat we even stilstaan voor we naar het antwoord rennen. Het is ook een deugd die training vraagt, en nergens wordt voor die training zo consequent de tijd genomen als in het filosofieonderwijs. Stilstaan, vragen stellen, nadenken, argumenteren: dat leert een scholier die voor dat vak heeft gekozen.

Met ingang van dit schooljaar worden middelbare scholieren nog extra gekneed in die kunst, want het eindexamenonderwerp in het filosofieonderwijs is de komende jaren: 'scepsis', aan de hand van het leerboek 'Het voordeel van de twijfel' van Tim De Mey.

Trouw sluit tot dat eindexamen aan bij het thema 'scepsis' met een reeks artikelen, die de kunst van het twijfelen demonstreren aan de hand van actuele onderwerpen. Daarbij komen heel verschillende terreinen aan bod: van de rechtspraak tot liefde en seks en van techniek tot het godsgeloof. Op al die gebieden zullen Nederlandse filosofen hun sceptische vragen afvuren: 'Hoe weet je dat techniek ons vooruithelpt?' En: 'Hoe weet je wat echte liefde is?'

Radicale scepsis
Over het nut van scepsis zullen filosofen niet snel twijfelen: die is de motor van de wijsbegeerte. De markantste filosofen uit de Europese geschiedenis, zoals Socrates, René Descartes en Immanuel Kant, danken hun roem aan de radicale scepsis waarmee ze ideeën onderuithaalden waarop eeuwenlang braaf was voortgebouwd.

Socrates stelde jonge Atheense mannen zulke scherpe vragen dat ze wel moesten toegeven dat hun ideeën op drijfzand stonden. Descartes ondervroeg zichzelf zó kritisch, dat hij ten slotte nog maar één zekerheid overhield: er moest iemand zijn die dacht wat hij dacht, namelijk hijzelf - het 'cogito ergo sum'. En Kant bekende ruiterlijk dat filosofen na eeuwenlang denkwerk nog steeds niet hebben bewezen dat er buiten ons denken überhaupt een andere wereld en andere denkende wezens bestaan. Dat noemde hij 'het schandaal van de filosofie'.

[…]

http://www.trouw.nl/tr/nl/5116/Filosofie/article/detail/4163716/2015/10/15/Het-voordeel-van-de-twijfel.dhtml

Brood vir die pad

Ek plaas hierdie artikel van Abel Pienaar: nie as ons standpunt nie, maar as 'n uitnodiging tot gesprek en besinning.

'Jesus: god of mite?'

Abel Pienaar

Christene se sentrale tema van hul geloof draai om die kruisiging en opstanding van Jesus. Sonder Jesus, spesifiek Jesus Christus, val hulle hele geloofskonstruk uitmekaar.

Dit bring natuurlik die vraag na vore, wie presies was hierdie enigmatiese figuur Jesus?

Wat nie 'n eenvoudige vraag is nie. Want Jesus van Nasaret, die historiese figuur wat tussen die jare 6 vC en 30 nC in Israel, hoofsaaklik in Galilea geleef het, die Joodse Rabbi, is iets heeltemal anders as die mitologiese Jesus, die "verkondigde Christus," wat verwys na die goddelike wese wat aarde toe gekom het met die doel om vir mense 'n ewige lewe na die dood te verseker.

Waar sal 'n mens meer kan uitvind aangaande Jesus? Want soos met enige historiese figuur, of dit nou die Griekse filosoof Sokrates of die Chinese filosoof Lao Tzu is, iewers moet daar navorsingswaardige bronne gevind word, anders is daar geen manier om meer te kan uitvind nie.

Nou hier begin ons krisis oor Jesus. As historiese persoon het hy self nooit iets geskryf nie.

Tweede probleem: Niemand ekstern het in die eerste eeu melding gemaak van Jesus nie. Prof. Bart D. Ehrman, 'n Amerikaanse Nuwe Testamentikus en professor van Religieuse Studies omskryf dit so: "In the entire first Christian century Jesus is not mentioned by a single Greek or Roman historian, religion scholar, politician, philosopher or poet. His name never occurs in a single inscription, and it is never found in a single piece of private correspondence."

Die enigste bron tot ons beskikking is die Bybel (spesifiek die Nuwe Testament). En wat dit 'n probleem maak is dat die skrywers self nie ooggetuies was nie. Want sien, die Nuwe Testament, veral die vier Evangelies (Markus, Mattheus, Lukas en Johannes), is eers tussen 40 en 70 jaar na Jesus se dood geskryf. Dus, geskryf deur mense wat hom nooit self ontmoet of gesien het nie.

Hiermee saam is die groot gedeelte van die Nuwe Testament deur Paulus geskryf. Ook iemand wat nooit self Jesus in persoon ontmoet of gesien het nie. Dit maak die Bybel 'n problematiese bron. Want die Bybel is nie 'n suiwer geskiedkundige teks nie, daarvoor is daar te veel mitologiese interpretasies ingevleg.

Kom ek verduidelik vinnig wat ek hiermee bedoel.

Wanneer ons oor 16 Desember 1838 (die Slag van Bloedrivier) oplees, is dit geskiedkundig om weer te lees: die Voortrekkers het 'n ossewalaer beskerm teen Zoeloe-impi's. Maar dit is 'n mitologiese interpretasie om te sê die oorwinning vir die Voortrekkers was omdat die Voortrekkers Christene was of omdat hulle voor die slag gebid het.

Dit is 'n interpretasie, geldig of nie, maar dit is nie suiwer geskiedkundig nie. Net so is Jesus se kruisiging 'n groot geskiedkundige waarskynlikheid, maar sy opstanding uit die dood is nie.

So ook enige wonderwerke en bonatuurlike gebeure dui op mitologiese gebeure eerder as geskiedkundige waarskynlikhede. En die Bybel is vol sulke mitologiese interpretasies, van maagdelike geboortes en donkies wat kan praat, ens.

Dit maak dit moeilik om by die geskiedkundige dele uit te kom, veral as daar oor die historiese Jesus nagevors wil word. En wat die saak nog meer kompleks maak is dat die Bybel die enigste bron is. 'n Bron wat eers 400 jaar ná Jesus voltooi is.

Dink so, wie het besluit op die 66 boeke wat in die Bybel opgeneem is? Want daar is heelwat boeke wat nie in die Bybel opgeneem is nie, sommiges veel ouer as die wat wel opgeneem is. Die Bybel self gaan ons dus nie ver bring nie.

Twee belangrike ontdekkings (in die afgelope 30 jaar) kan ons dalk help om meer van die vroeë Christene se denke te verstaan. In 1945 is daar in Egipte by Nag Hammadi, 'n kruik met vroeg-Christelike kodekse (die vroeë vorm van gebinde boeke van perkament) en tekste gevind.

In 1947 was daar die ontdekking van die Dooie See-rolle met 'n magdom inligting oor die Joodse godsdiens en die agtergrond van die Christendom.

Albei help ons om te verstaan hoe die eerste-eeuse Christene oor Jesus gedink het.

Wel, hulle het blykbaar nie soos vandag se Christene Jesus noodwendig gesien as 'n God nie. Dit het vir hulle eerder gegaan oor navolging van sy voorbeeld. Dit is dus duidelik dat die Christendom nie net een homogene groep mense was nie. Daar was duidelik verskillende groepe en daarmee saam verskillende sienings en oortuigings oor wie Jesus was. Die twee hoofgroeperings was die ortodokse en gnostiese bewegings.

Anders as die Ortodokse groepe het die Gnostiese groepe die koninkryk van God verkondig as 'n werklikheid wat al in hierdie wêreld bereik kan word. Ook dat God nie iewers daar buite is nie, maar binne en om ons. En dat ons één kan word met God.

En hulle sienings oor Jesus van Nasaret was: Hy was 'n wonderlike voorbeeld, maar dat hy liggaamlik uit die dood opgestaan het, was nie letterlik vir hulle waar nie, dit was slegs simbolies en metaforiese.

Dit bring weer die hele verstaan van mitologie na vore. Dit waarmee die hele Bybel deurspek is.

Joseph Campbell in sy boek The Power of Myth, sluit hierby aan: "Mythology is not a lie, mythology is poetry, it is metaphorical."

'n Mite se bonatuurlike verklarings was en is nooit bedoel as werklikheid nie – dit is net simbolies. Mitologie is 'n manier om oor gewone gebeure op 'n metaforiese en poëtiese wyse te praat met die doel om die hoorder of leser te begelei tot 'n spirituele ontwaking.

Daarom is Jesus se dood eerder 'n simbool van sy bereidheid om aan sy eie ego te sterf. En Jesus se opstanding uit die dood is simbolies van sy spirituele ontwaking. Dus, 'n sterf aan die valse self sodat die Ware Self kan opstaan.

Dit wat Eckhardt Tolle verwoord met: "The secret of life is to 'die before you die' – and find that there is no death."

Mites is dus wonderlike rigtingwysers op die pad van selfontdekking en die spirituele reis waarop ons elkeen ons bevind. So terug by ons aanvanklike vraag, wie is Jesus?

Dit kan niemand ooit feitlik of selfs histories akkuraat beantwoord nie. Dit is 'n vraag wat elkeen persoonlik moet beantwoord. Daarom moet die vraag eerder wees, wie is Jesus vir my? Dit is die eintlike vraag, die enigste vraag.

Wel, vir my is Jesus nie God nie, nie uit 'n maagd gebore nie en het nie uit dood opgestaan nie. Nee, hy was 'n gewone mens, 'n mens van sy tyd, hoewel 'n besonderse mens, 'n inspirerende mens.

Jesus was en is 'n simbool vir my van iemand wat egoloos probeer leef het, iemand wat wakker geword het vir sy ware identiteit, sy goddelike natuur – ook genoem Christus bewussyn.

Jesus is dus 'n rigtingwyser, net soos Boeddha voor hom ook was. Dit beteken dat hulle heenwys na iets groters as hulle self.

Om hulle dus te aanbid as gode is afgodery. Dit wat die Zen-leermeester Matsuo Basho so mooi gestel het: "Seek not to follow in the footsteps of men of old: seek what they sought."

http://www.netwerk24.com/stemme/menings/2015-10-08-kop-hart-blog-gnostiese-jesus

wynandnel@iafrica.com 082 901 5877